# Die Ligdraer

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**17 Maart 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 146-1:1,4,8 en Skrifberyming 18-7:1,3,10
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Sing:** Psalm 86-1:5,6
**Skriflesing:** Handelinge 10
**Fokus:** Handelinge 10:28
**Preek:**





**Tema:**

*Petrus se siening van heidennasies het verander – joune moet ons dalk ook.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 1-1:5,6
**Wegstuurseën**



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Ekumenisiteit.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 9
24 Maart: Wyk 10
31 Maart: Wyk 1



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net voor die Skriflesing en die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 het reeds afgesluit vir die kwartaal. Graad 11 (Belydenisklas) het na die erediens katkisasie.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan voort vandag met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/kug-whxg-hvs

**KERKKANTOOR:**
Die kerkkantoor sal op Goeie Vrydag (29 Maart) gesluit wees. Dit sal wel eerskomende Vrydag (22 Maart) oop wees.

**DIE LIGDRAER:**
Weens die skoolvakansie sal daar die volgende twee Sondae (24 Maart en 31 Maart) nie ’n nuusbrief (*Die Ligdraer*) wees nie. Die volgende nuusbrief sal op Sondag 7 April verskyn.

**EREDIENSTE MET PAASNAWEEK:**
Oor twee weke is dit Paasnaweek. Op **Goeie Vrydag (29 Maart)** het ons ’n **gesamentlike erediens** saam met GK Odendaalsrus. Dié erediens sal **in hulle kerkgebou** plaasvind en begin om **09:00**. Op Paassondag (31 Maart) het ons ’n erediens soos gewoonlik op ’n Sondag – om 09:00 in ons kerkgebou.

**GKSA EN ONS TEOLOGIESE OPLEIDING (7)**
TEOLOGIESE OPLEIDING: HOE MAAK MENS?
Hoe maak mens as jy nou teologie wil studeer? Waar begin jy as jy die roeping het om predikant in die GKSA te word?
Die opleiding kry ’n “grondslagfase” – bedoel om ’n sekere fondasie te lê. Hierdie fondasie is Die Bybel en die Belydenis. Dit word akademies gekwalifiseer as ’n Hoër Sertifikaat. Omdat die GTA nog nie as Privaat Hoër Onderwysinstelling geregistreer is nie, mag die GTA nie sodanige sertifikaat uitreik nie en sy leerinhoud ook nie as ’n akademiese program voorhou nie.
O gits, wat nou? Die GTA mag die inhoud wel aanbied as kort leerprogramme

wat, sonder dat daar ŉ akademiese kwalifikasie is, erken word as vooraf-leer.
Wat is die belangrikheid hiervan? Iets van die inhoud behoort die belang uit te wys. In hierdie eerste jaar fokus ons op Bybelkennis (OT en NT) en kennis van die belydenisskifte. En daaroor skryf studente eksamen. (Tans moet studente ŉ Bybelkenniseksamen en Belydenistoets aflê – dit is kerklike vereiste). Hiermee word aandag gegee aan 'Wie is ek" (lewens- en wêreld-beskouing. Baie jare gelede is dit op die PUK aangebied in Wetenskapsleer, ter wille van die CHO – Christelike Hoër Onderwys). Tans word in die eerste en tweede jaar op voorgraadse vlak aandag gegee aan lees-, skryf- en rekenaarvaardighede. Dieselfde word beplan vir die "grondslagfase".
Op hierdie fondasie bou dan die graadkursus (4 jaar). Na voltooiing van die graadkursus, volg die Nagraadse Hoër Diploma (wat meer gerig is op kerkbediening, waarvan praktiese opleiding ŉ groot deel vorm).
As jy nou jou opleiding wil begin, waar begin jy? So maak mens:
Jy maak eerste kontak met die Registrateur van die Teologiese Skool – Sr Lieze Coetzer (e-pos: curators@gksa.co.za). As jy predikant wil word, moet jy eers die toelatingskommissie van die Kuratore ontmoet.
Van daar af word jy die volgende stap en rigting gewys.
Die goeie raad om te volg, ter wille van jou fondasie, is om dan ook by die GTA in te skryf en te registreer, al sou 2024 se onderrig nie vir jou ŉ akademiese kwalifikasie gee nie. Maar jy sal erkenning daarvoor kry. Maar die fondasie gee jou daardie vasstrapplek om gereed te wees vir die graadkursus.
Dit is nogal belangrik dat ons baie meer broers kry om as predikante op-gelei te word. In 2024 – 2026 beoog heelwat predikante om te emeriteer. So gou soos einde 2024 mag ons in die GKSA ŉ tekort aan predikante beleef. Hiervoor word kerkrade en gemeentes aangespoor om die gawes van jong manne te identifiseer en hulle te begelei vir hierdie roeping.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 6 April 2024

| | | |
|---|---|---|
| 21 Maart | Martie Strydom | 082 552 4260 |
| 22 Maart | Cameron Lonergan | 082 318 7868 |
| 23 Maart | Ruline Erasmus | 074 300 4841 |
| 25 Maart | Kaylie van der Walt | 083 411 6800 |
| 28 Maart | Flip Kotze | 083 388 0249 |
| 1 April | Annabie Cronjé | 083 515 9905 |
| 1 April | Peter Lonergan | 079 884 3090 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Br. Albert Burger (082 924 5994) sterk tuis aan, nadat hy die afgelope drie weke in die hospitaal was. Hy het baie verswak. Ons vra voorbidding vir hom en sy gesin.

**LIEF EN LEED:**

- Een van ons oudlidmate, Nico van der Walt, is die afgelope week oorlede. Ons innige simpatie en meelewing aan sy familie.
- Ons vra voorbidding vir lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.
- Baie geluk aan br. John (082 935 5050) en sr. Edie (082 473 7960) Lonergan wat ʼn agterkleinkind ryker geword het.
- Sr. Tyla-Ann Wasmüth (062 093 6146) is gekies om die Vrystaat Atletiek-span van 3-6 April in diskus en gewigstoot dogters O/19 te verteenwoordig. Ons bid haar alles van die beste toe vir die byeenkoms wat in Paarl gaan plaasvind.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net ʼn Gedagte

***34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien***
***waarlik dat God geen aannemer van die persoon is***
***nie, 35 maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees***
***en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.***

***~ Handelinge 10:34-35 (33-53 vertaling) ~***